



You can read anywhere!

May is Get-Caught-Reading Month! It's the month when we remind ourselves and others that reading is part of our daily lives. Reading for pleasure is something we can do anywhere and anytime!

Here are some ideas that communicate the "reading is part of our lives" message for you to try out this May.

1. Spend just 15 minutes a day reading storybooks aloud to your children. Make it a relaxed and enjoyable time. When your children realise that stories can be found in books, they will try to read for themselves. Good readers at school are often the children who read at home with family and friends.
2. Many parents and grandparents set aside a special time every day to read to their children or grandchildren. They

often choose to do this at bedtime, but some children may find it easier to concentrate at other times of the day. This month, try reading together at different times of the day, as well as at your usual time. For example, you could try reading to your children when you get home from work, after bath time, immediately after supper, or first thing after you wake up over a weekend!

3. Where do you usually read? What is the most unusual place you can think of to enjoy a book? This month try reading to your children in different places. Read to them on the way to school in the taxi or bus, or when they are in the bath. Over a weekend, when you have more time, go for a walk together in a park, at the beach or in the mountains, and take some books and a blanket with you. As you walk along, look out for a nice reading spot – then settle down on the blanket, relax and read!

4. Weave books and reading into the everyday conversations you have with friends, family and work colleagues. Start the conversation by talking about a book that you are enjoying at the moment or have enjoyed before. Then invite others to talk about what they are reading at the moment or have read recently.

5. The easiest way to encourage others to read, is simply by being a reading role model yourself – when you regularly read for enjoyment, you show others that reading is a worthwhile leisure activity. So, this May don't forget to get caught reading!

Let's use this month to encourage others to connect or reconnect with reading – whether that means reading a novel, a picture book, a biography, poetry, a blog, or just their favourite magazine or the sports pages in the newspaper!

Jy kan oral lees!


Mei is Word-betrap-terwyl-jy-lees-maand! Dit is die maand wanneer ons onself en ander daaraan herinner dat lees deel is van ons daaglikse lewens. Lees vir genot is iets wat ons oral en altyd kan doen!

Hier volg 'n paar idees wat die boodskap, "lees is deel van ons lewens", oordra, en wat jy hierdie Mei kan probeer.

1. Spandeer net 15 minute per dag om vir jou kinders storieboeke hardop te lees. Maak dit 'n ontspanne en genotvolle tyd. Wanneer jou kinders besef dat stories in boeke gevind kan word, sal hulle self probeer lees. Goeie lesers by die skool is dikwels die kinders wat tuis saam met familie en vriende lees.
2. Baie ouers en grootouers sit elke dag 'n spesiale tyd opsy om vir hul kinders of kleinkinders te lees. Hulle kies dikwels om dit met slaaptijd te doen, maar sommige kinders mag dit makliker vind om gedurende ander tye van die dag te konsentreer. Probeer hierdie maand om op verskillende tye van die dag, en op jul gewone tyd te lees. Jy kan byvoorbeeld probeer om vir jou kinders te lees wanneer jy na werk tuis kom, na badtyd, onmiddellik na aandete, of sodra julle op 'n naweekoggend wakker word!
3. Waar lees julle gewoonlik? Wat is die mees ongewone plek waaraan jy kan dink om 'n boek te geniet? Probeer hierdie maand vir jou kinders op verskillende plekke lees. Lees vir hulle op pad skool toe in die taxi of bus, of wanneer hulle in die bad is. Op 'n naweek, wanneer julle meer tyd het, gaan stap saam in 'n park, op die strand of in die berge, en neem boeke en 'n kombers saam. Kyk uit vir 'n lekker leeskolletjie terwyl julle stap – maak julle dan tuis op die kombers, ontspan en lees!

4. Weef boeke en lees in jou alledaagse gesprekke met vriende, familie en kollegas by die werk in. Begin die gesprek deur te gesels oor 'n boek wat jy op die oomblik geniet of voorheen geniet het. Nooi dan ander om te gesels oor dit wat hulle tans lees of onlangs gelees het.
5. Die maklikste manier om ander aan te moedig om te lees, is bloot om self 'n leesrolmodel te wees – wanneer jy gereeld vir genot lees, wys jy vir ander dat lees 'n ontspanningsaktiwiteit is wat die moeite werd is. Moet dus nie hierdie Mei vergeet om betrap te word terwyl jy lees nie!

Kom ons gebruik hierdie maand om ander aan te moedig om te begin lees of aan te hou lees, en om te lees wat hulle ook al wil – 'n roman, 'n prentboek, 'n biografie, poësie, 'n blog, of bloot hul gunstelingtydskrif of die sportblaaie in die koerant!



Drive your imagination

Join us. Be a literacy role model.
Sluit by ons aan.
Wees 'n geletterdheidsrolmodel.



Reading club corner

There are lots of days to celebrate in May. Rather than trying to focus on all of them, you could choose one or two and then plan reading club activities around them. Here are some ideas.

- May** Get-Caught-Reading Month
- 6 May** World Laughter Day
- 13 May** Mother's Day
- 15 May** International Day of Families
- 16 May** Biographer's Day
- 25 May** Africa Day



World Laughter Day (6 May): In the week before World Laughter Day, encourage the children to find or make up their own jokes. Then, at the reading club meeting closest to World Laughter Day, invite them to tell their jokes to the group. Provide paper and crayons or pencil crayons, and let them write down their joke and draw a picture to go with it. Display all the jokes and encourage the children to read them over the next few weeks.

Mother's Day (13 May): At a reading club session before 13 May, let the children make Mother's Day cards to give to their mothers or the mother-figures in their lives. They could design their own cards or use the card template on page 3. On the day closest to Mother's Day, read the special Mother's Day story (*Mom's best vase*) on pages 13 and 15, and do the suggested activities on page 4.

International Day of Families (15 May): Invite the parents, grandparents, siblings and other family members of the reading club children to join you at the reading club session closest to 15 May. Read or tell a story about the importance of families to everyone and then invite family members to spend time reading stories and looking at books together.

Biographer's Day (16 May): Explain to the children that a biography is a book written by an author about someone else's life. (In the 2017 supplements, we featured two biographies: *Singing the truth* about Miriam Makeba and *Graça's dream* about Graça Machel.) Encourage the children to write their own biographies about a family or community member that they find interesting.

Africa Day (25 May): Read and tell stories, say poems and sing songs that have some connection to Africa! The stories, poems and songs could be about Africa, come from somewhere in Africa, or be created by someone who was born in Africa.



Leesklubhoekie

Daar is baie dae om in Mei te vier. Eerder as om op almal te probeer fokus, kan jy een of twee kies en dan leesklubaktiwiteite rondom hierdie dae beplan. Hier volg 'n paar idees.

- Mei** Word-betrap-terwyl-jy-lees-maand
- 6 Mei** Wêreldlagdag
- 13 Mei** Moedersdag
- 15 Mei** Internasionale Gesinsdag
- 16 Mei** Biograafdag
- 25 Mei** Afrika-dag



Wêreldlagdag (6 Mei): Moedig jou kinders aan om in die week voor Wêreldlagdag grappies te vind of hul eie grappies op te maak. Nooi hulle dan om by die byeenkoms van die leesklub naaste aan Wêreldlagdag, hul grappies vir die groep te vertel. Gee vir hulle papier en vetkryte of potloodkryte en laat hulle hul grappie neerskryf en 'n prent teken wat daarby pas. Stal al die grappies uit en moedig die kinders aan om dit oor die volgende paar weke te lees.

Moedersdag (13 Mei): Laat die kinders by 'n leesklubsessie voor 13 Mei Moedersdagkaartjies maak om vir hul ma's of die ma-figure in hul lewens te gee. Hulle kan hul eie kaartjies ontwerp of die voorbeeld op bladsy 3 gebruik. Lees op die dag die naaste aan Moedersdag die spesiale storie vir Moedersdag, *Mamma se beste vaas*, op bladsye 14 en 15, en doen die voorgestelde aktiwiteite op bladsy 4.

Internasionale Gesinsdag (15 Mei): Nooi die ouers, grootouers, broers en susters en ander familieleden van die kinders in die leesklub om die leesklubsessie naaste aan 15 Mei by te woon. Lees of vertel 'n storie oor die belangrikheid van families en gesinne vir almal, en nooi dan familieleden om tyd deur te bring om saam stories te lees en na boeke te kyk.

Biograafdag (16 Mei): Verduidelik vir die kinders dat 'n biografie 'n boek is wat deur 'n skrywer oor iemand se lewe geskryf is. (In die 2017-bylaes het twee biografieë verskyn: *Sing die waarheid* oor Miriam Makeba en *Graça se droom* oor Graça Machel.) Moedig die kinders aan om hul eie biografieë oor 'n familielid of lid van die gemeenskap wat hulle interessant vind, te skryf.

Afrika-dag (25 Mei): Lees en vertel stories, dra gedigte voor en sing liedjies wat iets met Afrika te doen het! Die stories, gedigte en liedjies kan oor Afrika handel, uit Afrika kom, of geskep wees deur iemand wat in Afrika gebore is.

NAL'IBALI ON RADIO!

Tune into the following radio stations to enjoy listening to stories on Nal'ibali's radio show!

- Ikwekwezi FM** on Monday, Wednesday and Friday at 9.45 a.m.
- Lesedi FM** on Monday, Tuesday and Thursday at 9.45 a.m.
- Ligwalagwala FM** on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.
- Munghana Lonene FM** on Monday, Wednesday and Friday at 9.35 a.m.
- Phalaphala FM** on Monday to Wednesday at 11.15 a.m.
- RSG** on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.
- SAfm** on Monday, Wednesday and Friday at 1.50 p.m.
- Thobela FM** on Tuesday and Thursday at 2.50 p.m., on Saturday at 9.20 a.m. and on Sunday at 7.50 a.m.
- Ukhozi FM** on Wednesday at 9.20 a.m. and on Saturday at 8.50 a.m.
- Umhlobo Wenene FM** on Monday to Wednesday at 9.30 a.m.
- X-K FM** on Monday, Wednesday and Friday at 9.00 a.m.
- Motsweding FM** on Monday, Wednesday and Friday at 9.30 a.m.



NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Skakel op enige van die volgende radiostasies in en geniet dit om na stories op Nal'ibali se radioprogram te luister!

- Ikwekwezi FM** op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.45 vm.
- Lesedi FM** op Maandag, Dinsdag en Donderdag om 9.45 vm.
- Ligwalagwala FM** van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.
- Munghana Lonene FM** op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.35 vm.
- Phalaphala FM** van Maandag tot Woensdag om 11.15 vm.
- RSG** van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.
- SAfm** op Maandag, Woensdag en Vrydag om 1.50 nm.
- Thobela FM** op Dinsdag en Donderdag om 2.50 nm., op Saterdag om 9.20 vm. en op Sondag om 7.50 vm.
- Ukhozi FM** op Woensdag om 9.20 vm. en op Saterdag om 8.50 vm.
- Umhlobo Wenene FM** van Maandag tot Woensdag om 9.30 vm.
- X-K FM** op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.00 vm.
- Motsweding FM** op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.30 vm.

Celebrate our mothers!

Each year on the second Sunday in May, we celebrate how important mothers are in our lives. Follow the instructions below to make a Mother's Day card for your mother or the person who is like a mother to you.

Make a Mother's Day card

1. Cut out the hearts by cutting along the red lines.
2. Fold the hearts along the black dotted line.
3. Glue the two parts together.
4. On one side, draw a picture of you and the person you will give the card to.
5. Write your message to her on the other side. Remember to write your name at the end of your message.

Vier ons ma's!

Elke jaar op die tweede Sondag in Mei, vier ons hoe belangrik ma's in ons lewens is. Volg die aanwysings hieronder om 'n Moedersdagkaartjie vir jou ma, of die persoon wat vir jou soos 'n ma is, te maak.

Maak 'n Moedersdagkaartjie

1. Knip die harte op die rooi lyne uit.
2. Vou die harte op die swart stippellyn.
3. Plak die twee dele met gom aan mekaar vas.
4. Teken aan die een kant 'n prent van jou en die persoon vir wie jy die kaartjie gaan gee.
5. Skryf jou boodskap aan haar aan die ander kant. Onthou om jou naam onderaan jou boodskap te skryf.



For a chance to win some Book Dash books, write a review of the story, *The lost laugh* (pages 7 to 10), and email it to team@bookdash.org, or take a photo and tweet us at [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). Remember to include your full name, age and contact details.

Vir 'n kans om boeke van Book Dash te wen, skryf 'n resensie van die storie, *Die verlore lag* (bladsye 7 tot 10), en stuur dit per e-pos aan team@bookdash.org, of neem 'n foto en stuur vir ons 'n twiet by [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). Onthou om jou volle naam, ouderdom en kontakbesonderhede in te sluit.



Drive your imagination



Get story active!

Here are some ideas for using the two cut-out-and-keep picture books, *Thoko and a dog called Hope* (pages 5, 6, 11 and 12) and *The lost laugh* (pages 7, 8, 9 and 10), as well as the Story Corner story, *Mom's best vase* (pages 13 and 15). Choose the ideas that best suit your children's ages and interests.



Thoko and a dog called Hope

One day Thoko climbs up onto the shed in her backyard to look into her neighbours' backyards and she sees a neighbour being cruel to his dog. Thoko is very upset, but her art teacher helps her to sort out the problem.



- ✿ After you have finished reading the story, discuss the following questions together. Encourage your children to suggest reasons for their opinions.
 - ☉ What do you think of the way Thoko's neighbour was treating his dog?
 - ☉ Why do you think Mama and Gogo didn't do anything to help the dog next door?
 - ☉ If you saw someone treating an animal badly, what would you do? Who could you tell? If they didn't listen to you, what else could you do?
 - ☉ Do you think we should care about how the people around us treat other people and animals? Why or why not?
- ✿ Ask your children to think about what picture Thoko might have drawn of Hope at the end of the story and then suggest that they draw this picture.

Raak doenig met stories!

Hier is 'n paar idees om die twee knip-uit-en-bêreboekies, *Thoko en 'n hond met die naam Hoop* (bladsye 5, 6, 11 en 12) en *Die verlore lag* (bladsye 7, 8, 9 en 10), asook die Storiehoekie-storie, *Mamma se beste vaas* (bladsye 14 en 15) te gebruik. Kies die idees wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.

Thoko en 'n hond met die naam Hoop

Op 'n dag klim Thoko op die pondokkie in haar agterplaas om na die bure se agterplase te kyk, en sy sien hoe hul buurman sy hond sleg behandel. Thoko is baie ontsteld, maar haar kunsonderwyser help haar om die probleem op te los.

- ✿ Nadat julle die storie gelees het, bespreek saam die volgende vrae. Moedig jou kinders aan om redes vir hul menings te gee.
 - ☉ Wat dink julle van die manier waarop Thoko se buurman sy hond behandel het?
 - ☉ Waarom dink julle het Mama en Ouma niks gedoen om die hond langsaan te help nie?
 - ☉ As julle iemand sien wat 'n dier sleg behandel, wat sal julle doen? Vir wie kan julle vertel? As hulle nie wil luister nie, wat kan julle nog doen?
 - ☉ Dink julle ons moet omgee oor hoe die mense om ons ander mense en diere behandel? Waarom of waarom nie?
- ✿ Vra jou kinders om te dink watter prent Thoko dalk aan die einde van die storie van Hoop sou geteken het, en stel dan voor dat hulle hierdie prent teken.

The lost laugh

In this story, Spotty, the hyena, has lost his laugh. How did this happen? Where could it be? And can the other animals help him find it?



Write a review of this story and stand a chance of winning some books! See page 3 for details.

- ✿ As you read the book, discuss the story and pictures with your children. For example:
 - ☉ **Pages 2 and 3:** Why do you think the hyena's name is Spotty?
 - ☉ **Pages 4 and 5:** What part of the giraffe's body do you think this is? Why can't we see the rest of Giraffe's body?
 - ☉ **Pages 6 and 7:** Where is Hippo? What do you think she is doing?
 - ☉ **Pages 14 and 15:** How do you think Spotty knows that he will never lose his laugh again? Could you lose your laugh?
- ✿ Suggest that your children use paper plates, glue and recycled materials to make hyena masks.

Die verlore lag

In hierdie storie het Spotty, die hiëna, sy lag verloor. Hoe het dit gebeur? Waar kan dit wees? En kan die ander diere hom help om dit te vind?

Skryf 'n resensie oor hierdie storie en staan 'n kans om boeke te wen! Kyk op bladsy 3 vir besonderhede.

- ✿ Bespreek die storie en prente met jou kinders terwyl julle die boek lees. Byvoorbeeld:
 - ☉ **Bladsye 2 en 3:** Waarom dink julle is die hiëna se naam Spotty?
 - ☉ **Bladsye 4 en 5:** Watter deel van die kameelperd se lyf dink julle is dit? Waarom kan ons nie die res van Kameelperd sien nie?
 - ☉ **Bladsye 6 en 7:** Waar is Seekoei? Wat dink julle doen sy?
 - ☉ **Bladsye 14 en 15:** Hoe dink julle weet Spotty dat hy nooit weer sy lag sal verloor nie? Kan 'n mens jou lag verloor?
- ✿ Stel voor dat jou kinders papierborde, gom en herwinbare materiaal gebruik om hiëna-maskers te maak.

Mom's best vase

Mother's Day story

Ashley and Ben have thought of a lovely surprise for Mother's Day ... except it turns into a disaster when their mother's favourite vase breaks! But, luckily Ashley's skill at doing jigsaw puzzles saves the day.



- ✿ Encourage your children to create pictures of a vase using small pieces of paper. Ask them to draw the outline of a vase with a thick koki or crayon on a large sheet of paper. Then let them take some pictures out of old magazines or newspapers and tear them up into small pieces of about 10 mm x 10 mm each. Show your children how to glue the small pieces of paper closely together inside the outline of the vase to complete their pictures.
- ✿ Have you ever tried to do something nice for someone else, but things did not go according to plan? Share your stories about what happened with your children.

Mamma se beste vaas

Moedersdagstorie

Ashley en Ben het aan 'n wonderlike verrassing vir Moedersdag gedink ... behalwe dat dit in 'n ramp verander toe hul ma se gunstelingvaas breek! Maar gelukkig is Ashley goed met legkaarte, en dit red die situasie.

- ✿ Moedig jou kinders aan om prente van 'n vaas te maak deur klein stukkie papier te gebruik. Vra hulle om die buitelyne van 'n vaas met 'n dik kokipen of kryt op 'n groot vel papier te teken. Laat hulle dan prente uit ou tydskrifte of koerante skeur en dit in klein stukkie van sowat 10 mm x 10 mm elk skeur. Wys vir jou kinders hoe om die klein stukkie met gom styf teen mekaar binne die buitelyne van die vaas vas te plak om hul prente te voltooi.
- ✿ Het jy al ooit probeer om iets spesiaals vir iemand anders te doen, maar toe verloop dinge nie volgens plan nie? Deel jou stories oor wat gebeur het met jou kinders.

Create TWO cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. The sheet with pages 5, 6, 11 and 12 on it makes up one book. The sheet with pages 7, 8, 9 and 10 on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye 5, 6, 11 en 12 daarop, maak een boek. Die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10 daarop, maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hieronder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip uit op die rooi stippellyne.



Drive your imagination

“But Mama says it is not our business,” Thoko explained.

“I understand what your Mama means,” said Belinda. “But animals can’t talk, so we must make sure that they do not suffer.” Thoko looked at her picture and tears came to her eyes. “Listen, Thoko,” said Belinda, “I’ll talk to Mama and Gogo about it. There must be something we can do for the poor animal.”

And there was.

Belinda explained to Mama that the Animal Rescue Service sends an officer to rescue dogs who are mistreated.

“Rescued dogs are fed and kept safely in kennels until someone who really loves dogs gives them a home,” explained Belinda.

But Mama was still worried. “What if the man finds out that we told the Animal Rescue people about his dog? He looks very nasty.”

“Don’t worry about that. The Animal Rescue team don’t tell bad people the names of good people who have reported them.”

“Maar Mama sê dis nie ons besigheid nie,” verduidelik Thoko.

“Ek verstaan wat jou mamma bedoel,” sê Belinda. “Maar diere kan nie praat nie, en daarom moet ons seker maak dat hulle nie ly nie.” Thoko kyk na haar prentjie en haar oë skiet vol tranes.

“Luister, Thoko,” sê Belinda. “Elk sal met jou mamma en ouma hieroor praat. Daar moet tog iets wees wat ons vir die arme diere kan doen.”

En daar was.

Belinda verduidelik aan Mama dat die Dierbeskermmingsvereniging iemand kan stuur om honde te red wat mishandel word.

“Honde wat gered is, word gevoer en veilig gehou in hondehokke, totdat iemand wat regtig lief is vir honde, hulle ’n tuiste kan gee,” verduidelik Belinda.

Maar Mama is steeds bekommerd. “Wat as die man uitvind ons het die mense van die Dierbeskermmingsvereniging vertel van die hond? Hy lyk baie gemeen.”

“Moenie jou daarvoor bekommer nie. Die Dierbeskermmingspan vertel nie die slegte mense die name van goeie mense wat hulle verkla het nie.”



We publish what we like

Hierdie storie geskryf deur Niki Daly kom uit *Hoera! Thoko*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.jacana.co.za. *Hoera! Thoko* is beskikbaar in Engels, Afrikaans, isiXhosa en isiZulu. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na www.jacana.co.za.

This story written by Niki Daly is from *Hooray! Thoko*, published by Jacana Media and available in bookstores and online from www.jacana.co.za. *Hooray! Thoko* is available in English, Afrikaans, isiXhosa and isiZulu. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to www.jacana.co.za.

© Jacana Media (World rights) Tel: 011 628 3200

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your imagination

Thoko en 'n hond met die naam Hoop

Thoko and a dog called Hope



Storie deur Niki Daly
Story by Niki Daly
Vertaal deur Marlise Joubert
Translated by Marlise Joubert



When winter came, the dog with no name lay on wet cement. It didn't even have energy to bark anymore. Thoko wondered how anyone could be so cruel as the neighbour who shouted at it, kicked it, and called it "Brak".

But it was no use talking to Mama or Gogo. Whenever she told them what she saw, they said, "Thoko, it is not our business."

Still, Thoko could not forget about the old dog. At art class she drew a picture of the poor animal. When Belinda asked about her picture, Thoko told the story of the dog with no name. "People are not allowed to be cruel to animals," Thoko," said Belinda.

In Thoko se agterplaas staan 'n klein pondokkie waarop Thoko graag klim. Van heel bo op die dak kan Thoko die bure se agterplase sien. In die nuwe bure se agterplaas, sien Thoko 'n hond wat aan 'n houthok vasgemaak is met 'n stukkies tou.



laat weet van die hond sonder naam.

Die volgende week stop daar 'n bakkie, waarop "Dierebeskermingsvereniging" geskryf staan, reg voor die nare buurman se huis. 'n Groot man met 'n uniform klim uit en stap na die voordeur. "Gaan kyk gou wat gebeur daar agter, Thoko," fluister Ouma.

Dierebeskermingsvereniging sal toe dat Belinda die Hulle besluit

"Is jy seker?" vra Ouma. "Ek is seker," sê Belinda. "Moenie bekommerd wees nie."



From the kitchen, Mama and Gogo saw the rescue man gently place the dog with no name into the back of the bakkie. No sooner had they gone, when the police arrived.


Inside the house, they found stolen computers and arrested the nasty neighbour.

"Well, I'm glad that's the end of that!" sighed Gogo. But it wasn't quite the end ...

Belinda adopted the old dog with no name and called her Hope.

On some Saturdays Belinda takes Hope to the art centre where the children get to see how well she is looking. And Hope always goes to Thoko first.





“Please help me find my laugh, Monkey,”
said Spotty.
“How did you lose it?” asked Monkey.
“When I laugh, you can see my big teeth.
That makes everyone frightened,” said Spotty.
“Then I got sad and my laugh just disappeared.
I can’t find it anywhere.”

“Help my asseblief om my lag te vind, Aap,”
sê Spotty.
“Hoe het jy dit verloor?” vra Aap.
“Wanneer ek lag, kan ’n mens my groot tande
sien. Dit maak almal bang,” sê Spotty. “Toe raak
ek hartseer en my lag het net verdwyn. Ek kan
dit nêrens kry nie.”



Die verlore lag

The lost laugh

Karen Lilje
Michelle Preen
Wilna Combrinck




Lots more free books at bookdash.org

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi





“Please help me find my laugh,
Hippo,” said Spotty.
“I can’t hear a laugh down here,”
said Hippo.



“Maar jy soek op die
verkeerde plek,” se Aap
terwyl sy uit die boom spring
en ’n veer optel. Toe begin sy
Spotty oraloor kielie.

Spotty, die hiëna, was baie hartseer.
Hy het sy lag verloor.



“His laugh was inside him all the time.
I just made him happy and out it came,”
explained Monkey.

They all laughed and laughed so that
their teeth showed too.

“I’ll never lose my laugh again,” said
Spotty, the happy hyena.






“But you were looking in the wrong place,” said Monkey as she hopped out of the tree and picked up a feather. Then she began to tickle Spotty all over.

“Sy lag was heeltyd binne-in hom. Ek het hom net gelukkig gemaak en toe kom dit uit,” verduidelik Aap.

Hulle almal lag dat jy net tande sien.

“Ek sal nooit weer my lag verloor nie,” sê Spotty, die gelukkige hiëna.



“Help my asseblief om my lag te vind, Seekoei,” sê Spotty.
“Hier onder kan ek nie ’n lag hoor nie,” sê Seekoei.

Spotty, the hyena, was very sad. He had lost his laugh.





“Please help me find my laugh,
Giraffe,” he asked.
“I can’t hear a laugh up here,”
said Giraffe.

“Help my asseblief om my lag te vind,
Kameelperd,” vra hy.
“Hier bo kan ek nie ’n lag hoor nie,”
sê Kameelperd.



Stadigaan begin Spotty
glimlag, en toe lag hy
kliphard. Hy lag en lag tot hy
op die grond rondrol.
Al die ander diere begin ook
lag. “Waar het jy sy lag gekry?” vra hulle.

Slowly Spotty started smiling, and then
he let out a big, loud laugh. He laughed and
laughed until he was rolling around on
the ground.

All the other animals started laughing too.
“Where did you find his laugh?” they asked.




“Are you sure?” asked Gogo.
“I’m sure,” said Belinda. “Don’t worry.”
So it was decided that Belinda would let the
Animal Rescue Services know about the dog with
no name.
The following week, a bakkie with “Animal
Rescue Services” written on it stopped outside the
nasty neighbour’s house. A big man in a uniform
got out
and went
up to the
neighbour’s
front door.
“Go and
see what’s
happening
around
the back,
Thoko,”
whispered
Gogo.

Toe dit winter word, lê die naamlose hond op
nat sement. Sy het nie eens krag gehad om te blaf
nie. Thoko wonder hoe enige iemand so wreed
kan wees.
Maar dit help niks om met Mamma of Ouma
daaroor te praat nie. Sodra sy hulle vertel wat sy
sien, sê hulle: “Thoko, dis nie ons besigheid nie.”
Thoko kan nie van die ou hond vergeet nie.
In die kunsklas teken sy ’n prent van die arme
dier. Toe Belinda haar uitvra oor die prent, vertel
Thoko haar die storie van die hond met geen
naam nie.
“Mense word nie toegelaat om wreed teenoor
diere te wees nie, Thoko,” sê Belinda.



Van die kombuis af kan Mamma en Ouma
sien hoe die reddingswerker die hond sonder
naam versigtig agter in die bakkie laai. Hulle is
skaars weg, toe kom die polisie daar aan.
Binne-in die huis, kry hulle gesteelde rekenaars
en hulle arresteer die nare buurman.
“Wel, ek is bly dis nou verby!” sug Ouma.
Maar dit was nie heeltemal verby nie ...
Belinda het die ou hond sonder naam
aangeneem en doop haar toe Hoop.
Party Saterdag neem Belinda vir Hoop na
die kunssentrum waar die kinders kan sien hoe
gesond sy nou lyk. Hoop gaan altyd heel eerste na
Thoko toe.

In Thoko’s backyard stood a small pondok
that Thoko loved to climb onto. From high
up, Thoko could look into the neighbours’
backyards. In the new neighbour’s backyard,
Thoko noticed a dog, tied to a packing case
with a bit of rope.





She also noticed that when the old dog barked, a man would come out of the house and shout, “Shut up, Brak!” It didn’t even seem to have a proper name. And if it didn’t stop barking, the man would give it a kick. Its bony body looked like an old brown sack with holes in it. The skin around its neck where the rope was tied looked raw. Thoko didn’t like what she saw. When she told Mama and Gogo about the poor animal, Mama said, “Thoko, you shouldn’t be spying on neighbours.”

“I agree,” said Gogo. “It’s better to mind your own business.”

But Thoko felt sorry for the old dog with no name.



Sy let ook op dat wanneer die ou hond blaf, daar ’n man uit die huis uit kom en skree: “Sharrap, Brak!” Dit lyk asof die hond nie ’n behoorlike naam het nie. En as sy nie ophou blaf nie, gee die man haar ’n skop.

Die vel om haar nek waar die tou vasgebind is, het rou gelyk. Thoko het glad nie gehou van wat sy sien nie.

Toe sy Mamma en Ouma vertel van die arme dier, sê Mamma: “Thoko, jy behoort nie die bure so af te loer nie.”

“Ek stem saam,” sê Ouma. “Dis beter om jou neus uit ander se sake te hou.”

Maar Thoko kry die ou hond jammer.



Agter die huis kan Thoko sien en hoor wat gebeur. “Sien?” sê die buurman terwyl hy probeer gaaf klink. “Ek gee my hond water en sy het haar eie slaapplek.” Die reddingswerker buk af en voel aan die hond se benegte lyfie.

“Hierdie hond word sleg behandel en is besig om uit te honger. Ek vat haar saam met my om versorg te word,” sê hy, “en ek sal ook die polisie laat weet van die bokse wat ek in jou huis gesien het.”

“Wat bedoel jy?” grom die man in sy nare stem. “Daai bokse is vol van my ou kleres.”

“Ou kleres in nuwe rekenaarbokse?” sê die reddingswerker. “Ek dink nie so nie!”

Around the back Thoko could see and hear what was going on.

“See?” said the neighbour, trying to sound nice, “I give my dog water and she has her own place to sleep.” The rescue man bent down and felt the dog’s bony body.

“This dog has been badly treated and is starving. I’m taking her with me to look after,” he said. “And I will also let the police know about the boxes I’ve seen in your house.”


“What do you mean?” growled the man in his nasty voice. “Those boxes are filled with my old clothes.”

“Old clothes in new computer boxes?” said the rescue man. “I don’t think so!”



Mom's best vase

By Helen Brain ✨ Illustrations by Heidel Dedekind



Ashley was busy doing a jigsaw puzzle when her big brother, Ben, came into the lounge.

"Tomorrow is Mother's Day," he said. "We should do something very special for Mom. Will you help me?"

Ashley clapped her hands. "Ooh yes, Ben. Are we going shopping?"

"No, I've already bought her a present. Do you want to come and see?"

Ashley followed her brother into the garage. On the bench, hidden under a sheet, was a beautiful wooden shelf in the shape of a heart.

"I thought we could paint it blue," Ben said.

"Ooh yes," Ashley said. "Blue is Mom's favourite colour. She's going to love her present."

Ben found two paintbrushes, and some sandpaper, and they got to work. First they sanded the shelf, then they painted a white undercoat and lastly they painted it a glossy bright blue. The shelf was beautiful.



"What are you two doing in there?" Mom asked when she came home from shopping.

"Nothing! Go away!" called Ben.

"It's a surprise," giggled Ashley.

That afternoon Mom went to the hair salon.

"Quick, Ashley," called Ben, "it's time to put up the shelf. Can you hold the screws and the screwdriver for me while I drill the holes in the wall? Don't lose the screws. I don't have any more."

Ashley held the screwdriver and screws tightly while Ben measured where the shelf would go on the wall. Then she blocked her ears while he drilled three holes.

"There we go," said Ben. "Now pass me the first screw." Carefully he screwed the shelf to the wall. "Now pass me the other two screws, Ashley," he said.

But Ashley could find only one screw. The other one wasn't in her pocket. It wasn't on the floor, or behind the couch. It was gone. It was almost 5 o'clock. Mom would be home any minute.

"Never mind," said Ben. "This will do for now. I'll buy another one in the week."

"What shall we put on the shelf?" asked Ashley.



"I think Mom's best vase that her granny gave her," said Ben. "And her favourite candlesticks."

"And the trophy I won at school for being the best at reading?" Ashley asked.

"Definitely," said Ben. "And the photo of Mom and me and you when you were a baby. She loves that picture."

Carefully they arranged Mom's special things on the shelf. Then Ben spread the sheet over the shelf so it was hidden.

A few minutes later Mom came home. "Hello, hello," Mom called. "What have you two been up to?"

"It's a surprise," giggled Ashley, "and you're not allowed to see what's behind the sheet."

"I'm very excited," said Mom. "I'm sure it's something wonderful."

"Do you promise you won't peep?" asked Ashley at bedtime.

Her mother tucked her up and gave her a kiss and a hug. "You are my best girl. I promise I won't even lift the corner of the sheet."

It was almost morning when Ashley was woken by a loud crash. She jumped out of bed. Ben and Mom were standing in the lounge, staring at a terrible mess on the floor.

"Oh no," cried Ben, "the shelf fell off the wall."

"Oh no," cried Ashley, "Mom's Mother's Day present is ruined."

"Oh no," cried Mom, "my favourite vase is broken into little bits."

Everyone was upset. Mom sat on the couch and tried not to cry.

"We'll clean it up," said Ben. "Mom, you go back to bed."

"Happy Mother's Day," said Ashley sadly.



Ben got the broom and swept up all the pieces of Mom's favourite vase. He was very upset. "Mom's granny gave her that vase and now it's broken." And he tipped the pieces into the rubbish bin. "We'd better go back to sleep too," said Ben to Ashley. "It's not waking up time yet."

Ashley looked at the shelf lying on the floor. It had been such a lovely present. Now they had nothing to give Mom when she woke up.

Ashley peered inside the rubbish bin. All the pieces of Mom's vase were there. Maybe she could use some glue and mend it? She picked up the bin and ran out to the garage. There on the shelf was a big pot of glue. She spread some newspaper on the workbench and emptied out the bin. There were so many pieces! How was she supposed to know which ones went where?

✨ Continued on page 15.

Mamma se beste vaas

Deur Helen Brain ✨ Illustrasies deur Heidel Dedekind

Storiehoekie

Ashley is besig om 'n legkaart te bou toe haar ouboet, Ben, in die sitkamer inkom.

"Môre is Moedersdag," sê hy. "Ons moet iets baie spesiaals vir Mamma doen. Sal jy my help?"

Ashley klap haar hande. "Ooee, ja, Ben. Gaan ons inkopies doen?"

"Nee, ek het al klaar vir haar 'n geskenk gekoop. Wil jy kom kyk?"

Ashley volg haar broer tot in die garage. Op die bankie, weggesteek onder 'n laken, is 'n pragtige houtrak in die vorm van 'n hart.

"Ek het gedink ons kan dit blou verf," sê Ben.

"Ooee, ja," sê Ashley. "Blou is Mamma se gunstelingkleur. Sy gaan mal wees oor haar geskenk."

Ben kry twee verfkwaste en skuurpapier en hulle spring aan die werk. Eers skuur hulle die rak af, toe verf hulle 'n wit onderlaag op, en laaste verf hulle dit 'n blink, helderblou. Die rak is pragtig.



"Wat doen julle twee daar binne?" vra Mamma toe sy terugkom van die winkels af.

"Niks nie! Bly weg!" roep Ben.

"Dis 'n verrassing," giggel Ashley.

Daardie middag gaan Mamma haarsalon toe.

"Gou, Ashley," roep Ben, "dis tyd om die rak teen die muur vas te maak. Kan jy die skroewe en die skroewedraaier vir my vashou terwyl ek die gate in die muur boor? Moenie die skroewe verloor nie. Ek het nie nog nie."

Ashley hou die skroewedraaier en skroewe styf vas terwyl Ben meet waar die rak teen die muur moet kom. Sy druk haar ore toe terwyl hy drie gate boor.

"So ja," sê Ben. "Gee nou vir my die eerste skroef aan." Versigtig skroef hy die rak teen die muur vas. "Nou die ander twee skroewe, Ashley," sê hy.

Maar Ashley kan net een skroef vind. Die ander een is nie in haar sak nie. Dit is nie op die vloer of agter die rusbank nie. Dis weg. Dis byna vyfuur. Mamma gaan enige oomblik terugkom.

"Toemaar," sê Ben. "Dis goed genoeg vir nou. Ek sal in die week nog een gaan koop."

"Wat gaan ons op die rak sit?" vra Ashley.



"Ek dink Mamma se beste vaas wat haar ouma vir haar gegee het," sê Ben. "En haar gunsteling-kandelare."

"En die trofee wat ek by die skool gewen het omdat ek die beste lees?" vra Ashley.

"Beslis," sê Ben. "En die foto van my en jou en Mamma toe jy 'n baba was. Sy hou baie van daardie foto."

Versigtig rangskik hulle Mamma se spesiale goed op die rak. Toe gooi Ben die laken oor die rak, sodat dit weggesteek is.

'n Paar minute later kom Mamma by die huis aan. "Hallo, halo," roep Mamma. "Waarmee was julle twee besig?"

"Dis 'n verrassing," giggel Ashley, "en jy mag nie sien wat agter die laken is nie."

"Ek is so opgewonde," sê Mamma. "Ek is seker dis iets wonderliks."

"Belowe Mamma sal nie loer nie?" vra Ashley toe dit slaaptid is.

Haar mamma vou haar styf toe en gee haar 'n soentjie en 'n drukkie. "Jy is my spesiale meisiekind. Ek belowe ek sal nie eens die hoekie van die laken oplig nie."

Dis byna oggend toe Ashley van 'n groot geraas wakker word. Sy spring uit die bed. Ben en Mamma staan in die sitkamer en staar na die 'n verskriklike gemors op die vloer.

"Ag nee," roep Ben, "die rak het van die muur af geval."

"Ag nee," roep Ashley, "Mamma se Moedersdaggeskenk is geruïneer."

"Ag nee," roep Mamma, "my gunstelingvaas het in klein stukkie gebreek."

Almal is ontsteld. Mamma sit op die bank en probeer om nie te huil nie.

"Ons sal dit opruim," sê Ben. "Gaan klim terug in die bed, Mamma."

"Gelukkige Moedersdag," sê Ashley hartseer.



Ben gaan haal die besem en vee al die stukkie van Mamma se gunstelingvaas op. Hy is baie ontsteld. "Mamma se ouma het daardie vaas vir haar gegee, en nou is dit stukkend." Hy gooi die stukkie in die vullisblik. "Ons moet liewer weer gaan slaap," sê Ben vir Ashley. "Dis nog nie opstaantid nie."

Ashley kyk na die rak wat op die vloer lê. Dit was so 'n spesiale geskenk. Nou het hulle niks om vir Mamma te gee wanneer sy wakker word nie.

Ashley loer in die vullisblik. Al die stukkie van Mamma se vaas is daar. Dalk kan sy dit met gom aanmekeer plak? Sy tel die vullisblik op en hardloop garage toe. Op die rak is 'n groot pot gom. Sy sprei koerantpapier op die werkbank uit en keer die vullisblik daarop om. Daar is so baie stukkie! Hoe is sy veronderstel om te weet wat kom waar?

✨ Vervolg op bladsy 15.

From page 13.

"I see!" she exclaimed. "It's like a jigsaw puzzle. Lots of pieces that fit together. First I'll find all the ones with a straight edge. They must be the rim of the vase. And this big chunk here has a handle on it, so it must be the side. And there should be another handle – ah here it is."

When she had laid out all the pieces in the right order she began to glue them together. It was hard work. The glue stuck to her fingers, and she had to wait for the pieces to dry. It took ages.

At last the vase was finished. It wasn't *exactly* the same as the old one. This one had a funny lump on one side, and the rim was a bit skew, but Ashley knew Mom would hardly see the difference.

Ashley looked out of the window. The neighbour, Mrs Du Toit, was watering her vegetables. Mrs Du Toit was very clever and could make anything. Ashley ran over to the fence. "Please, can you lend me one screw and help me fix a shelf?" she asked, and then she told Mrs Du Toit the whole story.

"Of course," Mrs Du Toit said. "I'll come over at once."

Mom woke up at 9 o'clock. She was still very sad. She found Ashley fast asleep on the sofa, and a sheet covering something on the wall.

"What have you been doing all morning, Ashley?" she asked.

"Surprise!" yelled Ashley. "Happy Mother's Day. Your present is behind the sheet."



Ashley was so proud. Mom's vase wasn't exactly the same, but it still looked lovely on the new blue shelf.

Carefully Mom took the sheet off the wall. There was the blue shelf with the candlesticks, and the photo, and the trophy, and ... MOM'S BEST VASE.

Mom clapped her hands. "You glued it back together!" she exclaimed. "It's as good as new. It's better than new. It's the best present I ever got," she said, giving Ashley a big hug.

Ben also gave Ashley a hug. "You're very clever!" he said. "You've saved Mother's Day."

Vanaf bladsy 14.

"Ek weet!" roep sy uit. "Dis soos 'n legkaart. Baie klein stukkies wat in mekaar pas. Eers sal ek al die stukkies met reguit rande soek. Dit moet die rand van die vaas wees. En hierdie groot stuk het 'n oor aan, so dit moet die kant wees. En daar behoort nog 'n oor te wees – aha, hier is dit."

Toe sy al die stukkies in die regte volgorde uitgepak het, begin sy hulle aan mekaar vasplak. Dis harde werk. Die gom sit aan haar vingers vas, en sy moet wag vir die stukkies om droog te word. Dit vat ure.

Uiteindelik is die vaas klaar. Dit is nie *presies* dieselfde as die ou een nie. Hierdie een het 'n snaakse bult aan die een kant, en die rand is 'n bietjie skeef, maar Ashley weet Mamma sal skaars die verskil sien.


Ashley kyk by die venster uit. Die buurvrou, mev. Du Toit, lei haar groente nat. Mev. Du Toit is baie slim en kan enigiets maak. Ashley hardloop na die heining toe. "Kan tannie asseblief vir my een skroef leen en my help om 'n rak reg te maak?" vra sy, en toe vertel sy vir mev. Du Toit die hele storie.

"Natuurlik," sê mev. Du Toit. "Ek kom dadelik oor."

Mamma word negeuur wakker. Sy is nog baie hartseer. Sy vind Ashley vas aan die slaap op die rusbank, en sy sien 'n laken wat oor iets teen die muur hang.

"Waarmee was jy die hele oggend besig, Ashley?" vra sy.

"Verrassing!" gil Ashley. "Gelukkige Moedersdag. Jou geskenk is agter die laken."



Ben gee ook vir Ashley 'n drukkie. "Jy's baie slim!" sê hy. "Jy het Moedersdag gered."

Ashley is so trots. Mamma se vaas lyk nie presies dieselfde nie, maar dit lyk steeds mooi op die nuwe blou rak.

Mamma lig die laken versigtig op. Daar is die blou rak met die kandelare, en die foto, en die trofee, en ... MAMMA SE BESTE VAAS.

Mamma klap hande. "Jy het dit reggemaak!" roep sy. "Dis so goed soos nuut. Dis beter as toe dit nuut was. Dis die beste geskenk wat ek nog ooit gekry het," sê sy, en gee vir Ashley 'n stywe druk.

Nal'ibali fun Nal'ibali-pret

Can you imagine where these Nal'ibali characters got caught reading? In each block, draw the place where you think the children are reading.

Kan jy jou voorstel waar hierdie Nal'ibali-karakters betrap is terwyl hulle lees? Teken in elke blok die plek waar jy dink die kinders lees.



1.



2.



3.



4.



Looking for audio stories for your children? Visit www.nalibali.mobi and go to the "Audio stories & downloads" section for audio stories in different languages to play on your cellphone!



Visit us on Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA

Op soek na oudioverhale vir jou kinders? Gaan na www.nalibali.mobi en gaan dan na die "Audio stories & downloads"-afdeling vir oudioverhale in verskillende tale om op jou selfoon te luister!

Produced for Nal'ibali by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SW
Sunday
World



Drive your
imagination